Publication: Sake (Rapport Gauteng)
Date: Sunday, August 11, 2019
Page: 5

Jou geld

Tyd dat mans vir vroue opkom

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Ek sien nie dat iemand die durf het om dit te sê nie, so laat ek dit maar doen: Dis 'n morele skande en 'n kwade verwyt teen ons samelewing (lees: mans) dat 'n vroueslaner as 'n held beskou word net omdat hy goed rugby gespeel het.

Ek wonder hoeveel aanhangers het daaraan gedink dit kon hul dogters gewees het. Sou dit dan ook in die haak wees? Ek wonder oor die boodskap wat dit uitstuur aan 'n kind (veral 'n meisiekind) as pa te papbroekig is om standpunt in te neem.

Dis ongelukkig die wêreld wat deur baie pa's, ooms en oupas as normaal beskou word. Ek noem dit, want dit is die werklikheid waarin ons meisiekinders grootword. En dan wonder ons hoekom vroue met minder geld tevrede moet wees, al doen hulle dieselfde werk as mans.

Ek sien dit as 'n man my vra om te help met finansiële beplanning en dan baie verbaas is as ek sê ek wil sy vrou hierby insluit. Die meeste sien darem die punt in wat ek probeer tuisbring, maar nie almal nie. Sommige dink mos sy "broodwinner-status" maak hom almagtig oor die lewe en liggaam van sy vrou.

Ek sien hoe vroue wie se mans gesterf het nie die mees basiese beginsels van geldsake ken nie. Van hulle het al in trane teenoor my genoem dat hulle nooit toegelaat is om vrae te vra nie. "My man het alleen met die geldsake gewerk."

> My man het alleen met die geldsake gewerk.

Ek sien ook hoe dieselfde vroue maar net weer in dieselfde strik val, óf deur haar man se pêl wat meer aan sy eie sak dink óf deur 'n kind, want dit is soos pa dit gedoen het en dit is soos ma dit voortaan ook moet doen.

Ons kan nie die laakbare gedrag teenoor en oor vroue in die samelewing losmaak van die finansiële agterstand van vroue nie, selfs in hierdie dae van gelyke regte. Dis onlosmaaklik deel van mekaar.

Dis tyd dat mans hieroor begin gesels. Openlik. Waarvoor lag ek? Wat laat ek toe? Behandel ek die vroue in my lewe met respek? Of leef ek met die eeue oue twak dat 'n vrou onderdanig aan haar man moet wees?

Finansiële selfstandigheid is een van die mees basiese vereistes vir menswaardigheid. En voor iemand nou dalk hier lees dat ek sê mans moet hul vroue finansieel selfstandig maak, dis nie wat ek voorstel nie. Hulle kan dit self doen. Wat ek wel voorstel, is dat ons as mans nie in hul pad moet staan nie.

Aftrede-beplanning vir vroue is net so belangrik as vir mans, indien nie belangriker nie, want hulle leef oor die algemeen langer en daarom gaan hulle meer geld nodig hê.

Maak jou vrou deel van jou aftrede-beplanning.

Vroue het net so 'n behoefte aan lewensversekering (dink aan kinders wat versorg moet word, skuld en so meer), of gevreesde siekte- of ongeskiktheidsdekking. Dit is noodsaaklik dat 'n vrou se finansiële risiko's met die regte produkte aandag kry.

Die alternatief is dat sy in finansiële ellende - of met siekte of op haar oudag of albei - op aalmoese van ander gaan moet leef.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.